

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS·UV

ARCHIVE FOR CONTEMPORARY AFFAIRS
ARGIEF VIR EIETDSE AANGELEENTHEDE

Inventory of the private collection of

G Cronjé

PV190

Contact us

Write to:

Archive for Contemporary Affairs
University of the Free State
P.O. Box 2320
Bloemfontein 9300
South Africa

Visit us:

Archive for Contemporary Affairs
Stef Coetzee Building
Room 109
Academic Avenue South
University of the Free State
205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein

Telephone:

+27(0)51 401 2418/2646/2225

Email:

arca@ufs.ac.za

KATALOGUS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN

MNR. G. CRONJÉ

INLEIDING

1 TOEGANKLIKHEID

Onvoorwaardelik.

2 CURRICULUM VITAE ¹

Geoffrey Cronjé is op 30 Desember 1907 te Barrydale, K.P. gebore. Hy besoek eers die plaasskool, De Draai in die Riversdaldistrik en daarna die Riversdal-Seunsskool. Vir verdere opleiding gaan hy na die Universiteit van Stellenbosch waar hy in 1929 'n M.A.-graad behaal. Hierna vertrek hy na Amsterdam waar hy die grade Drs. Paed. in 1931 en D.Litt. et Phil. in 1933 behaal.

Op 9 Desember 1939 tree hy in die huwelik met Marie Pretorius - 'n huwelik waaruit drie seuns gebore is.

Vanaf 1934 is prof. Cronjé verbonde aan die Universiteit van Pretoria as professor en hoof van die departement Sosiologie. Hy beklee hierdie pos tot in 1966, waarna hy aangestel word as hoof van die departement Dramatologie. Sedert 1961 tree hy ook op as voorsitter van die Fakulteit van Geesteswetenskappe.

Prof. Cronjé se belangstelling het ook wyer gekring en dien hy o.m. sedert 1947 op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy tree vanaf 1952 tot 1962 op as voorsitter van die Nasionale Toneelorganisasie, terwyl hy ook vanaf 1962 op die Toneelkomitee van TRUK dien. Verder het hy vir die jare 1952 tot 1964 opgetree as voorsitter van die Nasionale Welsynsraad en was hy ook lid van die Uitvoerende Komitee van die FAK.

Hy ontvang verskeie toekennings, waaronder die Stalsprys vir Sosiologie in 1963, 'n goue medalje vir die bevordering van Maatskaplike Werk in 1965, asook 'n goue medalje vir die bevordering van die Teaterwese in 1968.

3 DIE DOKUMENTE EN HUL ORDENING

3.1. Die dokumente

Die dokumente is in September 1972 deur prof. Cronjé aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis geskenk. Dit handel

1 Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Curriculum Vitae; Who's Who of Southern Africa, 1972. p. 260.

oor N.P. van Wyk Louw.

3.2. Ordering

Weens die klein omvang van die versameling word die dokumente in 'n katalogus beskryf, terwyl die knipsels in 'n bylaag bespreek word.

4 OMVANG EN FISIESE TOESTAND

Die dokumente beslaan 0,10 meter rakspasie en dit is in 'n goeie toestand.

KATALOGUS

<u>Item No.</u>	<u>Aard van dokument</u>	<u>Beskrywing</u>	<u>Tydperk</u>
1	Artikel.	Huldiging van N.P. van Wyk Louw. ¹	1970, Junie, 18

¹ Die artikel bevat 'n begeleidende aantekening van prof. Cronjé.

BYLAAG A

KOERANTKNIPSELS

<u>Band No.</u>	<u>Beskrywing</u>	<u>Tydperk</u>
1	Diverse knipsels	1967, Okt. 30 - 1967, Nov. 6